'n Groot Lig in ...

...die duisternis

21 Oktober 2012

INTROÏTUS

E Lied 253: 2,3.

2. Die Lig kom na die wêreld
in Jesus Christus, Heer.
Uit liefde vir die mensdom
daal Hy as dienskneg neer.
So lief het God die wêreld,
Hy gee vir ons sy Seun -
so word Hy ons Verlosser,
ons Middelaar en Steun.

3. Wie glo in Jesus Christus,
word nou sy eiendom.
Hy gee die reg tot kindskap
aan dié wat glo in Hom.
Met blye hemelkore
wil ons ook juig en sing:
Ons Heiland is gebore -
dis Hy wat redding bring!

VOTUM

Kol 1:[12] Met blydskap moet julle die Vader dank wat julle geskik gemaak het om deel te hê aan die erfenis wat vir die gelowiges wag in die ryk van die lig. [13] Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet.

SEËNGROET

Kol 1: [2]Aan almal in 'Kraggakamma' wat aan God behoort, getroue broers in Christus.
Genade en vrede vir julle van God ons Vader!

E LIED 488:1-5.

1. Helder skyn u lig vir die nasies,
'n vreugdeglans om die mense te verlig
tot die hele wêreld kan sien
U is die lig.
Mag u lig, Heer, deur ons skyn.

2. Vrolik klink ons lied vir die volke,
'n pryslied bring
al die nasies om ons saam
tot die hele wêreld kan jubel oor u Naam
Mag u lof, Heer, deur ons klink.

3. Balsem bring herstel vir die wonde,
'n sagte salf vir die mense met hul seer
tot die hele die wêreld kan sien
dat U genees.
Mag U troos, Heer, deur ons bied.

4. Heer, u Woord gee hoop aan die nasies;
'n hartvol hoop om die volke te verbly
tot die hele wêreld kan glo dat U bevry.
Mag U hoop, Heer, deur ons gee.

5. U is Koning Heer, oor die aarde,
Die mense vra na U wil om U te eer
Tot die hele wêreld kan juig dat U regeer
Laat U ryk Heer, in ons kom!
Laat U ryk Heer, deur ons kom!
Laat U ryk Heer, o-ral kom**!**

WET

1 Jy mag naas My geen ander gode hê nie.
2 Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak nie.
3 Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie.
4 Heilig die Sabbatdag
5 Eer jou vader en jou moeder.
6 Jy mag nie moord pleeg nie.
7 Jy mag nie egbreuk pleeg nie.
8 Jy mag nie steel nie.
9 Jy mag nie vals getuienis gee nie.
10 Jy mag nie begeer nie.

SKULDBELYDENIS

VRYSPRAAK

Kol 2: [13] Julle was dood deurdat julle gesondig het en deurdat julle sondige natuur nog nie weggeneem was nie. God het julle egter saam met Christus lewend gemaak deurdat Hy ons al ons sondes vergewe het. [14] Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem.

GELOOFSBELYDENIS

E Geloofsbelydenislied wysie 464.

Ek glo in God,
die Vader so almagtig
En Jesus Christus,
Eengebore Seun
Hy's deur die Gees
geskenk aan maagd Maria
Sterf aan die kruis en daal ter helle neer
Staan op en sit nou aan Gods regterhand
As regter van wat was en is.
Ek glo in Gees, Kerk en vergiffenis
Weer op te staan
En ewig leef!

EPIKLESE GEBED

SKRIFLESING

Matt 4

Die eerste optrede van Jesus

[12]Toe Jesus hoor dat Herodes vir Johannes in die tronk laat opsluit het, het Hy na Galilea toe gegaan. [13]Hy het nie in Nasaret gaan bly nie, maar Hom gaan vestig in Kapernaum by die see, in die gebied van Sebulon en Naftali. [14]So moes vervul word wat deur die profeet Jesaja gesê is:

[15]"Jy, gebied van Sebulon en gebied
van Naftali, aan die seekant
en oorkant die Jordaan,
Galilea waar die heidene woon!
[16]Die volk wat in duisternis woon,
het 'n groot lig gesien;
hulle wat in die skemerland
van die dood lewe,
vir hulle het die lig opgegaan."
[17]Van toe af het Jesus begin preek en gesê: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom."

Storie van ou dominee met lamp.
Daar word vertel van twee bure wat gedurigdeur in rusies betrokke was. Kom ons sê maar dis oor rugby, kinders, bome, musiek, motors, geraas of wat ookal. Ten einde versoek die kerkraad die dominee om tussenbeide te tree sodat daar vrede kan heers tussen die twee. Die dominee bereik 'n ooreenkoms met die twee. Hy het twee enkel motorhuise. Die twee strydendes moet saamwerk, hulle het vanaf die oggend tot aand tyd om die een motorhuis maksimaal te vul. Hyself het dieselfde tyd om 'alleen' die ander een te vul. Die een wie se motorhuis die meeste gevul is teen donker wen die ooreenkoms en die ander moet hulle deel van die ooreenkoms eerbiedig. Sou die dominee wen moet hulle vrede maak, indien die strydendes wen moet almal hulle uitlos sodat hulself mekaar kan 'uitsorteer'.
Dit het aand geword…

1. Regte tyd
2. Sit lamp op regte plek
3. Vir regte doel

BOODSKAP.

1. Regte tyd

Voor dit vertel Johannes evangelie die gebeure in 1:19-4:42
Johannes die Doper en sy tyd.
Samaritaanse vrou by put.
Weggejaag uit Nasaret.
Water in wyn.
Nadat Johannes in tronk is.

Ons tyd?

Hoekom nou in hierdie tyd….?

2. Sit lamp op regte plek

Na waar donkerste is!
Naftali en Sebulon
Nou regering van Herodus Antipas…
Kapernaum, Galilea…Nie Nasaret
Waar duisternis is, in skemerland…

Ons plek?

Hoekom is die plek my adres…?

3. Vir regte doel

Herodusse en Phillip
Joh die doper, gutsy konfronterend
JC hoor van soos enige mens
Weghardloop … NEE..gaan juis
Eerste was Samaritaanse vrou
Nikodemus in donker
Waar heidene is…
Hy ken Sy tyd plek en doel…

Ons doel?

Vir spesiale mense ook die wat buite staan en in lamplig val en boodskap/lig/ hoor en sien.
Franciskus …. soos lewende preek!
Ons doel is die Blye Boodskap, ongeag…

SLOTGEBED

Gebed van Jeffrey o Hara:
Waarom noem julle My Here en doen nie wat Ek sê nie
Julle noem My die Weg maar wandel My nie
Julle noem My die Lewe en leef My nie
Julle noem My Meester en gehoorsaam My nie
Wanneer Ek julle oordeel, blameer My nie

Julle noem My die Brood en eet My nie
Julle noem My die Waarheid en glo My nie
Julle noem My Here en dien My nie
Wanneer Ek julle oordeel, blameer My nie

E Lied 284.

1. Laat, Heer, u vrede deur my vloei -
waar haat is, laat ek daar u liefde bring
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.
O Heer, help my om altyd so te leef -
om ander hoër as myself te ag.
Ja, om lief te hê - ander bo myself -
en ook eerder te gee as te verwag.

2. Laat, Heer, u vrede deur my vloei -
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.
O Heer, help my om altyd so te leef -
om ander hoër as myself te ag.
Ja, om lief te hê - ander bo myself -
en ook eerder te gee as te verwag.

3. Laat, Heer, u vrede deur my vloei -
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

OFFERGAWE

E SLOTLIED + SEËN.

1 Wees nie ontroerd al kry jy swaar
God sal jou trou behoed
Diep in Sy liefde, skuil maar daar
God sal jou trou behoed
God sal jou trou behoed
Oor heel die weg lei Hy jou reg
Hy sal jou trou behoed
God sal ons trou behoed

2. As swaar beproewings jou oorval
God sal jou trou behoed
Leun op Sy bors en rus maar daar,
God sal jou trou behoed
God sal jou trou behoed
Oor heel die weg lei Hy jou reg
Hy sal jou trou behoed
God sal jou trou behoed

E AMEN LIED 313.

BOODSKAP.

Storie van ou dominee met lamp.
Daar word vertel van twee bure wat gedurigdeur in rusies betrokke was. Kom ons sê maar dis oor rugby, kinders, bome, musiek, motors, geraas of wat ookal. Ten einde versoek die kerkraad die dominee om tussenbeide te tree sodat daar vrede kan heers tussen die twee. Die dominee bereik 'n ooreenkoms met die twee. Hy het twee enkel motorhuise. Die twee strydendes moet saamwerk, hulle het vanaf die oggend tot aand tyd om die een motorhuis maksimaal te vul. Hyself het dieselfde tyd om 'alleen' die ander een te vul. Die een wie se motorhuis die meeste gevul is teen donker wen die ooreenkoms en die ander moet hulle deel van die ooreenkoms eerbiedig. Sou die dominee wen moet hulle vrede maak, indien die strydendes wen moet almal hulle uitlos sodat hulself mekaar kan 'uitsorteer'.
Dit het aand geword… en die dominee kom aangestap met lamp en plaas die lamp in die middel van die motorhuis.
Almal het besluit, die strydendes ook, dat die lig die motorhuis die meeste gevul het.

1. Regte tyd
2. Sit lamp op regte plek
3. Vir regte doel

1. Regte tyd

Voor dit vertel Johannes evangelie die gebeure in 1:19-4:42
Johannes die Doper en sy tyd.
Hy moes die aankondiger wees van Jesus se koms
Alle mense wat gehoor gegee het 'n nuwe lewe voorgestel het
Hy self kondig Jesus aan as Lam van God, Kyk Hy is hier….
Samaritaanse vrou by put.
Samaritane was deur Jode verwerp, onheilig beskou, afstotelik behandel, geen respek
Selfs vroue is geminag daarom die Samaritaanse vrou se reaksie.
Sy het weer vernedering verwag deur 'n Jood, maar Jesus bied haar Lewende Water
Die Samaritane word eerste bekeerlinge sonder oorreding
Dit was die regte tyd onder die heidene
Weggejaag uit Nasaret.
In Jesus se geboorte dorp word Hy weggejaag
Alles gebeur op God se tyd volgens Sy raadsplan
Water in wyn.
Bruilofte is 'n week lank gevier
Baie wyn is verbruik en die bestes is eerste bedien
Onthou wat was Jesus se antwoord aan Maria…"My tyd het nog nie aangebreek nie
MAAR …Nadat Johannes in tronk is.
Die oomblik toe Jesus hoor van Johannes het Hy Sy tyd begin
Hy het geweet wat gaan gebeur met Johannes en met Hom!
Hy het ook nie Goddelike mag gebruik nie.

Ons tyd?

Hoekom nou in hierdie tyd….?

Hoekom in die tyd van 2012?

Wat het gebeur sedert ons geboorte in ons eie land?

Hoeveel tye het ons nie gevoel God verlaat ons in ons nood nie?

Dalk op geleentheid by afsterwe gemeen dat dit nie die regte tyd was vir die geliefde nie

Die antwoord bly dalk eenvoudig – God wil jou, en gebruik jou, op hierdie oomblik

Al wat ons het is die oomblik van NOU!

Juanita du Plessis sing ook die liedjie oor Lasarus en sy dood, Maria se beskuldiging – Jesus is te laat! ….as Hy vier dae laat is, is Hy steeds op tyd.

Gee daarom aan God die eer, al wat ons kan sê is "stuur my Here", selfs in ons seerste tyd want juis dan word God verheerlik. Vergelyk Jakobus 1

2. Sit lamp op regte plek

Na waar donkerste is!

Kusdorpe het baie onwelvoeglike partytjies en verderflike geleenthede gebied.

Wanneer dit donkerste is, is enige lig helder

Nou in stikdonker kom die Helderste Lig

Naftali en Sebulon

Belangrik hier in Josua word die stamme gebied om die Kanaaniete te verdryf.

Naftali en Sebulon het dit nie gedoen nie maar wel akkomoderend en ook ondertrou met omliggendes en inwonendes.

Baie kulture en gelowe het gekonsentreerd saam geleef en nie in vrede nie.

Nou regering van Herodus Antipas…

Die Herodusse was een deurmekaar en onheilige regeerders.

Herodus hier genoem is seun van Herodus die grote.

Na Herodus die grote het sy seuns, behalwe een Philip, herodus status en gebiede ontvang.

Daar was ook seun Herodus Philip.

Die twee Philip was seuns van Herodus by verkillende vroue met die naam Mariame.

Die Philip, sonder Herodus status was met Herodias getroud was rebels.

Herodias was een van Philip se broerskinders, en baie losbandig.

Herodus Antipas het vir Herodias verlei, en haar van sy broer laat skei.

Johannes kon nie meer hierdie wellustige lewenswyse of ontug en bloedskande meer verdra nie en HET Herodus daaroor gekonfronteer.

Summier is hy in die tronk gegooi……..en die Skrifgeleerdes juig!

Herodus Antipas het geheers oor die Galilea

Kapernaum, Galilea…Nie Nasaret

Eerste stop Hy in Nasaret, gaan sinagoge toe en verklaar Homself as die Messias

Wel, hulle het wonderwerke verwag en later wou hulle Hom van krans afgooi.

Jesus kies juis om na Galilea te gaan en voort te gaan met die Evangelie.

Juis daar waar die regeerder onheilig lewe en so ook die inwoners.

Waar duisternis is, in skemerland…

Ons kan hier aflei hulle is in skemerland, verwysend na hulle sondes wat reeds die dood gebring het.

In hierdie verdoemde plek begin Jesus se tyd en plek.
Later sou Jesus ook sê "Kapernaum dit sal vir genadiger wees as vir Sodom en Gomorra"

Ons plek?

Hoekom is die plek my adres…?

So baie maal vra ons God na ons doel op die plek waar:

Ons werk,
Ons woon,
Ons kerk,
Die huwelik waarin ons is,
Kinders, hospitaal, …

Die plek is waar God wil hê jou lampie moet brand.
Mens kan nie net in donker kamers beweeg nie.
Kry die regte ingesteldheid en besef God het dit so bepaal dat jy jouself sal bevind op die plek waar Hy jou plaas om Sy lig te laat skyn.

3. Vir regte doel

Herodusse en Phillip soos reeds vermeld was geestelik dood
Johannes die doper se doel was om Jesus aan te kondig en die sonde aan te spreek.
Dit het sy kop op 'n skinkbord tot gevolg gehad juis agv wellustigheid van Herodus
Jesus se doel begin nou werklikheid word
Weghardloop … NEE..gaan juis na waar onheiligheid heers.
Eerste was Samaritaanse vrou, Samaritaanse dorpie, Nikodemus in donker, Waar heidene is…
Hy ken Sy tyd plek en doel…
Alles op God se Alwyse raadsplan is die hoofsaaklike doel…..om ons met God te versoen, hoewel in die wêreld maar nie van die wêreld nie.
Ons is God se kinders en Jesus het dit kom bevestig, Sy reddingstog het Sy dood gekos.

Ons doel?

Vir spesiale mense ook die wat buite staan en in lamplig val en boodskap/lig/ hoor en sien.
Ook vra ons wat ek nou eintlik beteken, probleem is ons meet dit aan wat mense verwag.
Ons vra "hoekom" en God antwoord "hoekom nie"!
Almal van ons het donker kamers.
Baie weet watter diep emosies donkerte en smart voortbring.
Ons dink aan;

- Die afterwe van geliefde, 'n kind, ouer of huweliksmaat,
- Die aanhoor van ongeneeslike siekte,
- Ongeluk
- Werkloosheid,
- Armoede,
- Werksomstandighede,
- Ontrouheid,
- Slegte skool ervarings,
- Mense wat kwaad stig.

Almal het al so ‘n ervaring gehad, dit is asof die ligte afgeskakel word en jy die verlate donkerste oomblik beleef.
Mag jy nooit vergeet dat die Lig gekom het en in duisternis geskyn het nie.
Sy lig word ons lig wat ons moet laat skyn.
Mag iemand vir jou ‘n lampie wees en mag jy vir iemand ‘n lampie wees
Franciskus …. soos lewende preek! Laat Heer U vrede……
Ons doel is die Blye Boodskap, ongeag…
Dit is dan ook my bede dat julle lampies nooit sonder olie sal wees nie.
Mag dan ook die dominee wat beroep word iemand wees wat in Veneto, die kerkraad en in besonder julle lewens ‘n lampie wees wat God se Lig helder laat skyn!
Julle tema is dan ook dat julle ‘n lig is wat die glans van God se liefdse versprei, hierby wil ek dan net byvoeg….laat julle lampies brand!
Tot ons weer ontmoet vrede en baie liefde…..